Nuusbrief vir 25 April 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

25 April 2019

Ons het op Saterdag 27 April 'n sportdag teen Hermanus op hulle velde. Baie sterkte aan al ons leerders en afrigters wat vroeg moet opstaan en 'n lang dag die hoof moet bied. U as ouers, sowel as enige ondersteuners, is natuurlik welkom om die dag saam met ons te geniet en ons leerders te kom ondersteun!

HSS vs Hermanus sportdag 27 April.

25 April 2019

Sien die HERSIENDE program vir ons sportdag op 27 April onder Sportdae programme by "Resources" / Bronne op hierdie Communicator. Die busse vertrek Saterdagoggend alreeds 05:30 van die skool af.

Finanskantoor gesluit 26 April

25 April 2019

Let asseblief daarop dat ons skool se finanskantoor (mev P van der Westhuijzen) op Vrydag 26 April vir die dag gesluit sal wees.

Toetse 6 Mei

25 April 2019

Ons vestig u aandag daarop dat al ons leerders, graad 8 - 12, op 6 Mei 'n Lewensoriëntering toets, sowel as Engels vraestel 3 toets sal skryf. Daar word verwag dat geen leerders dus op hierdie dag afwesig sal wees nie, aangesien hierdie toetse belangrike punte vir die kwartaal is.

'Swartland's got talent' wenners

25 April 2019

Tydens ons jaarlikse 'Swartland's got talent' geleentheid, het verskeie van ons leerders opgetree en hul baie goed van hul taak gekwyt. Ongelukkig kan almal nie wen nie, alhoewel uitstekende vertonings gelewer is. In die eerste plek was Juané Pool, tweede was Gladys Matewa en derde was Jay Gordon-Turner. Baie geluk aan ons wenners! Baie dankie aan almal wat hul talent ten toon gestel het tot groot vermaak van die gehoor. Baie dankie aan mev Turner en die reëlingskomitee vir al jul reëlings om dit vlot te laat verloop. Julle was puik!

Netbal uitslae

25 April 2019

HSS vs Schoonspruit sekondêr:
O/18A wen 45-14; O/17A verloor 12-13; O/16A wen 9-6; O/15A wen 23-7; O/14A wen 8-7.

Rugby uitslae

25 April 2019

HSS vs Schoonspruit sekondêr:
O/19A verloor 19-38; O/19B verloor 19-24; O/19C verloor 12-31; O/16A wen 36-5; O/15A verloor 20-29; O/14A gelykop 7-7.

Eisteddfod sluitingsdatums

25 April 2019

17 Mei: Paarl Vallei inskrywings sluit (navrae: Mev Hunlun-van Zyl)
10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

25 April 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

25 April 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

25 April 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 25 April 2019 - 2 Mei 2019

25th April 2019
Dissiplinêre komitee vergader 18:00

25th April 2019
UCT Wiskunde kompetisie

26th April 2019
Finanskantoor gesluit vir dag

27th April 2019
Vryheidsdag

27th April 2019
Rugby, hokkie, netbal vs Hermanus (weg)
Hermanus

29th April 2019
Finanskomitee vergader 18:00

29th April 2019
Gholf vs Curro (tuis)

30th April 2019
Wiskundetoets

1st Mei 2019
Werkersdag

1st Mei 2019
Netbal Weskusproewe

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

HSS vs Hermanus program (weg)2

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cc02d9d7cf9e897718435.pdf

Eksamenrooster Junie 2019

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cb86f66dda37348603122.pdf

April 19 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5cb855dcc094d880781384.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.